

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



SA EXAM  
PAPERS



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **RELIGIESTUDIES**

## **EKSAMENRIGLYNE**

## **GRAAD 12**

**2021**

**Hierdie riglyne bestaan uit 6 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

	<b>Bladsy</b>
1. INLEIDING .....	3
2. ASSESSERING IN GRAAD 12.....	4
3. UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV) .....	4
4. SLOT.....	6

## 1. INLEIDING

Die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Religiestudies beskryf die aard en doel van die vak Religiestudies. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorcertifikaat (NSS) -eksamen in Religiestudies geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Religiestudies*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Certifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, graad R–12

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

### 2.1 FORMAAT VAN DIE VRAESTELLE

Die eksterne eksamen bestaan uit twee vraestelle van TWEE UUR ELK. Die vraestelle dra dieselfde gewig, met 'n totaal van 150 punte elk. Die vraestelle is daarop gerig om die leerder se kennis van die graad 12-vakinhoud in die geheel, sowel as die vakkennis van graad 10 en 11 te toets. Graad 11-inhoud mag tot 20% van elk van die twee vraestelle uitmaak.

#### Eksamineerbare Onderwerpe van graad 10 en 11 in graad 12

GRAAD 12 VRAESTEL 1	GRAAD 12 VRAESTEL 2
Hoofdimensies wat algemeen by alle godsdienste gevind word (van graad 10)	Godsdiens en die regering (van graad 11)
	Tipes rituele en hulle rolle (van graad 11)

Twee punte word vir elke geldige punt toegeken, bv. 'n vraag wat 10 punte tel, sal vyf geldige feite vereis. In AFDELING A van Vraestel 1 sal daar egter slegs EEN punt vir elke feit toegeken word, tensy dit anders aangedui word.

### 2.2 KOGNITIEWE VLAKKE

Formele assessering in Religiestudies maak voorsiening vir 'n reeks kognitiewe vlakke, soos volg:

GEWIG (%)	BESKRYWING VAN KOGNITIEWE VLAK	BLOOM SE TAKSONOMIE
30%	Herroep (kennis)	Vlak 1 en 2
40%	Begrip	Vlak 3 en 4
30%	Analise, toepassing, evaluering en sintese	Vlak 5 en 6

## 3. UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)

Die religieë (godsdiens) wat in die vak bestudeer moet word, is op grond van hul teenwoordigheid in Suid-Afrika gekies. Dit is die volgende:

- Afrika Tradisionele Godsdiens/Afrika-godsdiens
- Hindoeïsme
- Boeddhisme
- Baha'i-geloof
- Judaïsme
- Die Christelike godsdiens
- Islam
- Taoïsme

Sekere onderwerpe of onderafdelings van onderwerpe in die *KABV*-dokument (onder 'Wat onderrig moet word') is as 'Spesialisering in een religie' aangedui. Dit beteken dat hoewel die relevante inhoud met betrekking tot al agt religieë in die lys hierbo bestudeer moet word, moet 'n diepgaande studie oor die onderwerp of onderafdelings van die onderwerp met betrekking tot **slegs een religie**, soos deur die kandidaat gekies, gedoen word.

Alhoewel die aanbevole handboeke die kerninhoud van die vak verskaf, moet die studie van hierdie vak ook **aktuele kwessies** insluit wat die onderlinge verhouding tussen religie en die samelewing beïnvloed. Dit is derhalwe noodsaaklik dat leerders kennis dra van mediadekking (beide huidige en onlangse nasionale en internasionale verwikkelings wat 'n impak op religie het).

**VRAESTEL 1**

Daar word van kandidate verwag om DRIE vrae te beantwoord: een verpligte vraag (kortvrae van 50 punte) en 'n keuse van twee uit drie of vier vrae van 50 punte elk.

**AFDELING A (Verplichtend)**

Die vrae in AFDELING A vereis antwoorde bestaande uit een woord en kort paragrawe. Hierdie afdeling sluit ook vrae in wat kort verduidelikings en bondige beskrywings vereis.

Vraagtipies sluit in waar/onwaar-vrae (met redes), pasitens en meervoudigekeuse-vrae.

**LET WEL:** Elke feit in hierdie afdeling tel EEN punt, tensy anders aangedui.

**AFDELING B (Beantwoord TWEE uit drie of vier vrae.)**

Vrae fokus op die ondersoek van 'n wye reeks bronne, soos tekste, kaarte, grafieke, ens. en sluit vergelykende vrae in. Die antwoorde wat verlang word, wissel van kort antwoorde tot paragrawe.

In hierdie afdeling word die volgende onderwerpe geassesseer:

- Konseptuele onderskeidings, bv. identiteit, uniekheid, eenheid, ooreenkoms, verskil en vergelykbaarheid
- Waardering vir die uniekheid van verskillende godsdienste
- Religieuse leringe
- Godsdiensvryheid, menseregte en mense se verantwoordelikhede
- Ondersoek mediadekking van publieke kwessies wat godsdienstige implikasies het:
  - Evalueer mediadekking van godsdienstige kwessies
  - Ondersoek faktore wat godsdienstige kwessies beïnvloed
  - Bied bevindinge aan
- Godsdiens in gebiede waar konflik onlangs in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld plaasgevind het:
  - Analiseer die situasie
  - Op watter maniere is godsdiens deel van die probleem?
  - Op watter maniere is godsdiens deel van die oplossing?

**VRAESTEL 2**

Hierdie vraestel bestaan uit vier of vyf vrae. Daar sal van kandidate verwag word om slegs drie vrae te beantwoord. Die vrae tel almal dieselfde getal punte, nl. 50 punte elk.

Vrae sal fokus op die ontleding en interpretasie van generiese kwessies rakende godsdienste. Daar word van kandidate verwag om 'n standpunt in te neem oor die kwessie/kwessies uit 'n Religiestudies-perspektief, en om argumente ten gunste van en teen hierdie standpunt aan te voer. 'n Bron kan ingesluit word om as prikkel te dien.

Die volgende onderwerpe word in hierdie vraestel geassesseer:

- Die sentrale leringe van een religie (met spesialisering in EEN religie)
  - Die aard van godheid
  - Die aard van die wêreld
  - Die aard van die mensdom, met verwysing na die samelewing en die individu
  - Die plek en verantwoordelikheid van menslikheid in die wêreld
  - Die oorsprong en rol van die bose
  - Oorwinning oor die bose
  - Lewe na die dood
- Die rol van rituele in religie
- Interne verskille in 'n AANTAL religieë (met spesialisering in EEN religie)
  - Hoofkenmerke van sodanige differensiasies
  - Verduidelik die hoofeienskappe van hierdie groepe met verwysing na Leringe, Bestuur (Leiding) en Praktiek.

- Geskiedenis en hedendaagse dinamiek van intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika asook in die internasionale gemeenskap
  - Verhouding tussen politiek en godsdien (kolonialisme, imperialisme, liberalisme/bevryding en transformasie)
- Normatiewe bronne in verskillende godsdienste
- Maniere om normatiewe bronne (hermeneutiese beginsels) te interpreteer (met spesialisering in EEN religie)
  - Werklike interpretasie van normatiewe bronne
  - Interpretasie in detail van een normatiewe bron
- Religie en die wetenskappe
  - Ondersoek die veranderende verhouding tussen religie en die natuurlike wetenskappe
  - Die skepping en evolusie vanuit wetenskaplike en verskeie godsdienstige oogpunte
- Ontleding van ten minste TWEE sekulêre wêreldbeskouings. Die vier vasgestelde wêreldbeskouings in die KABV is ateïsme, agnostisisme, humanisme en materialisme.
- Die oorsprong, doel en invloedryke faktore van ten minste TWEE sekulêre wêreldbeskouings
- Die ontwikkeling van 'n strategie om 'n groot probleem in die samelewing op te los, soos hieronder gespesifiseer

*Vir die finale eksamen 2021 en die Mei/Junie-eksamen 2022:*

- *Morele agteruitgang*
- *Xenofobie en rassisme*
- *Geslagsgebaseerde geweld*

*Vir die finale eksamen 2022 en die Mei/Junie-eksamen 2023:*

- *Eutanase/genadedood*
- *Middelmisbruik*
- *Omgewingsagteruitgang*

*Vir die finale eksamen 2023 en die Mei/Junie-eksamen 2024:*

- *Tienerswangerskap*
- *Misdaad en korrupsie*
- *Die huwelik en egskeiding*

**LET WEL:** Die vasgestelde hoof- maatskaplike probleme moet in die konteks van godsdienstige leringe bestudeer word. Sulke leringe moet uit 'n verskeidenheid godsdienste gekies word. Aan die einde van die 2023 moet die onderwerpe vir die drie-jaar-siklus herhaal word, tensy dit deur 'n meer onlangse Eksamenriglyn-dokument vervang word.

#### **4. SLOT**

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.